Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 5: *Chayei Sarah* (חיי שרה) – Die Lewe van Sarah

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Gen. 23:1 – PWL[1]

Torah : **Gen. 23:1 tot 25:18**

Haftorah: 1 Kon. 1:1 tot 31 – Van geslag tot geslag.

Hernieude Verbond: Matt. 2:1 tot 23**;** Heb. 11:11 tot 16

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 5 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah5Notas14.pdf of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

Children will not remember you for the material things that you provided, but for the feeling that you cherished them!

The best thing parents can do for their children is to love each other.

Tell me and I'll forget. Show me and I'll remember. Involve me and I'll understand — Confucius.

The mind is not a vessel to be filled but a fire to be kindled — Plutarch.

Midrash (Torah Bespreking)

Sarah Imenu

Hoewel die naam van hierdie week se Parashah *Die lewensjare van Sarah* is, begin ons Skriflesing egter met die sterwe van Sarah op die ouderdom van 127 jaar. Selfs vandag staan sy steeds bekend as *Sara Imenu* – ons matriarg Sarah.

Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah. Sarah is dood in Kiryat-Arba (dorp van die reuse), dit is Hevron, in die land Kena'an en Avraham het gekom om oor Sarah te rou en oor haar te huil. Gen. 23:1 en 2 – PWL.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Die week se parashah eindig dan ook met die sterwe van Abraham op die ouderdom van 175 jaar. Tot vandag staan hy bekend as *Avraham Avinu* – ons vader en patriarg Abraham.

Hierdie is die dae van die lewensjare van Avraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar. Avraham het die asem uitgeblaas en is dood in 'n goeie ouderdom, 'n ou man vol van jare en hy is by sy volksgenote versamel. Gen. 25:7 en 8 – PWL.

In die lig van bogenoemde moet ons die vraag vra: Wat is dan die positiewe en bemoedigende inhoud van hierdie week se parashah waar die Skriflesing met dood begin en met dood eindig? Ons weet egter dat Torah, en daarom ook elke parashah, bevat YHVH se onderrig, instruksies en wysheid tot stigting, troos en bemoediging. Die woorde van Paulus aan Timotheus herinner ons hieraan:

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Tim. 3:16 en 17.

Die lewensjare van Abraham en Sarah dien vir ons as onderrig tot stigting, troos en bemoediging, want albei het in vertroue en gehoorsaamheid tot en met hul sterwensdag gedoen wat Vader-God van hulle gevra het. Hulle dien tot vandag as rolmodelle vir ons wat die nageslag van Abraham deur geloof in Yeshua as Messias is!

Hoekom word Abraham en Sarah tot vandag toe voorgehou as rolmodelle en nie hulle voorgeslagte, Adam en Noag, nie? Het dit te doen met die geestelike erflating van Abraham en Sarah?

Soos ons in die vorige parashah geleer het, is Abraham en Sarah die voorbeeld van 'n huwelik volgens YHVH se standaard. Daarom word die patroon wat in Gen. 1:1 gevestig is ten opsigte van 'n huisgesin, naamlik 'n bruidegom en bruid met kinders wat gebore word uit 'n verbondsverhouding, ook in hierdie parashah voortgesit en duidelik gemaak.

Eerstens moet ons herinner word aan die skeppingsdoel van die mens soos dit in Gen. 1:26 tot 28 en Gen. 2:15 opgeteken is. Hiervolgens is dit duidelik dat YHVH die mens geskape het om te heers oor dit wat Hy geskape het en om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak. Hierdie opdrag moes die mens in volle vertroue in, en gehoorsaamheid aan, YHVH uitvoer.

Maar YHVH het die mens ook geseën en vir hulle gesê: *wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde* (Gen. 1:28). Hierdie opdrag behels dat Adam en Eva hulle kinders moes onderrig om in gehoorsaamheid aan YHVH te lewe, maar ook om 'n intieme verhouding met YHVH Skepper-God te hê deur Hom waarlik te ken. Adam en Eva het nie hierin geslaag nie en ons weet wat die tragiese gevolge was toe Kaïn vir Abel vermoor het (Gen. 4:1 tot 8). So ook het Noag nie hierin geslaag nie, want na die sondvloed het hy in skande voor sy seuns gestaan (Gen. 18:24).

Abraham en Sarah het egter daarin geslaag om dit reg te kry wat tot op daardie tydstip onmoontlik blyk te gewees het. Dit was moontlik, want YHVH-God was sentraal tot elke faset van hulle lewe. Vir twintig generasies het YHVH as te ware 'gesoek' vir 'n egpaar wie se huwelik aan YHVH se vereistes voldoen en wat hulle kinders opvoed volgens Torah.

Van alles wat Abraham en Sarah saam aangepak het en saam ondervind het, was hul verlange na 'n seun wat hulle geestelike nalatenskap sou kon opneem en voortsit bo aan die lys

gewees. In hulle jare saam het beide Abraham en Sarah ontmoetings met YHVH gehad wat van hulle geloofsreuse gemaak het wat YHVH-God geken het en wat in die skrywer van die brief aan die Hebreërs se 'Hall of Fame' verskyn (Heb. 11:11, 17 tot 19).

Uiteindelik is Isak volgens YHVH se belofte gebore. Maar toe Isak volwassenheid bereik het, het die dag van Abraham se grootste beproewing aangebreek toe YHVH vir hom gesê het om sy seun te gaan offer. Hierdie was nie net vir Abraham 'n waterskeidings oomblik nie, maar ook vir Isak! Hierdie 'noue ontkoming aan die dood' het ewigdurende geestelike gevolge. Nie net het Abraham weereens 'n ontmoeting met YHVH gehad nie, maar ook Isak het 'n ontmoeting met die God van sy vader gehad!! Met hierdie traumatiese ervaring is die toekoms van die nageslag van Abraham verseël. Op die berg Moria het Abraham en Isak geestelik een geword deurdat beide hulself in alghele gehoorsaamheid aan YHVH onderwerp het. Beide se verhouding met YHVH was nou op dieselfde vlak. Isak het nou ook YHVH-God geken soos Abraham die Almagtige geken het. Hierdie gemeenskaplike ervaring het nou deel van Isak se geestelike DNA geword wat aan die nageslag oorgedra sou word tot in die geslagte wat uiteindelik Israel sal vorm!

Hierdie was 'n waterskeidingsoomblik, nie net in die lewe van Abraham en Isak nie, want in die geesteswêreld was die impak ewigdurend! YHVH se plan vir 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk het een stap nader aan vervulling gekom.

Abraham en Isak se ervaring is uit verskillende hoeke. Abraham moes sy geliefde seun offer en Isak moes bereidwillig wees om aan sy vader en God gehoorsaam te wees. Hierdie is 'n sinnebeeld van YHVH en Yeshua – die Ewige Vader wat Sy geliefde Seun as versoeningsoffer aan die wêreld gee. Hierdie was ook 'n waterskeidingsoomblik in die geesteswêreld met 'n ewige impak op die mensdom wat tot aan die einde van dae sal strek.

Abraham se bereidwilligheid om Isak te offer en Isak se bereidwilligheid om geoffer te word, kan ook gesien word as die oomblik wat Sarah se taak as liefdevolle opvoeder van Isak voltooi was. Sy het YHVH getrou geag om volgens die belofte aan haar 'n kind te skenk (Heb. 11:11) wat sy in die weë van Torah onderrig het en sy was gehoorsaam aan Abraham en het hom heer genoem (1 Pet. 3:6). Sy is waardig om *Sara Imenu* – ons matriarg Sarah – genoem te word.

Sarah het gedoen wat Torah van haar vereis as die hulp vir haar man! Dit is daarom dat die dood van Sarah kort na hierdie gebeure gevolg het.

Isak was gereed om in Abraham se voetspore te volg en al wat vir Abraham nog oorgebly het was om vir Isak 'n vrou ('n hulp) te kry wat in die voetspore van Sarah kon volg. Dit het Abraham dan ook gedoen met die hulp van sy dienskneg Eliëser. Rebekka, die dogter van Bétuel, die seun van Nahor wat Milka vir hom gebaar het (Gen. 24:47), was volgens YHVH se voorsiening die vrou vir Isak.

Toe het Rebekka en haar diensmeisies hulle klaargemaak en op die kamele weggery en die man gevolg. So het die dienaar dan Rebekka saamgeneem en weggetrek. En Isak het uit die rigting van die put Lagai-Roï gekom; want hy het gaan woon in die Suidland. En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld. En toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom. Rebekka het ook haar oë opgeslaan en Isak gesien. Toe het sy van die kameel afgegly en aan haar dienaar gesê: Watter man is dit wat ons tegemoetloop in die veld? En die dienaar antwoord: Dit is my heer. Toe neem sy die sluier en bedek haar. Daarop het die dienaar aan Isak alles vertel wat hy gedoen het. En Isak het haar in die tent

van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad. So is Isak dan getroos ná die dood van sy moeder. Gen. 24:61 tot 67.

En dit is die dae van die lewensjare van Abraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar. Abraham het die asem uitgeblaas en in goeie ouderdom gesterwe, oud en afgeleef. En hy is by sy volksgenote versamel. Gen. 25:7 en 8

Die einde van Abraham en Sarah se lewensjare was ook die begin van die volgende fase in YHVH se plan om ‘n eiendomsvolk op te rig en te vestig uit wie die Messias sou kom as redder van Israel.

Bepeins of Bespreek

1. Vandag besef en verstaan talle ouers, soos onsself, dat die opvoed van ons kinders in die ‘weë van die Here’ ‘n gelofte was om ons kinders op te voed om Torah-gehoorsaam te wees. Talle ouers, soos onsself, het egter eers die Torah-gehoorsame pad begin stap nadat die kinders volwassenheid bereik het. Hierdie is ‘n baie moeilike situasie in die ouer-volwasse kind-verhouding wat maklik tot spanning kan ly. Hoe moet ouers hierdie situasie hanteer? Moet jy jou kinders om vergifnis vra dat jy, weens eie onkunde, hulle nie die volle waarheid van die Skrifte geleer het nie? Hoe hanteer jy as ouer die tye waar daar saam gekuier word en dit is byvoorbeeld shabbat of kersfees, maar jou kind(ers) se siening daaroor is steeds soos jy hulle geleer het?

2. Hoeveel van ons sou nie graag die geleentheid wou hê om ons kinders van vooraf op te voed met Torah as handleiding nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat Shalom in Yeshua.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.